**IS DIE INKOMSTEBELASTINGDIENS, FBI, AMERIKAANSE DEPARTEMENT VAN ARBEID, DIE MAFIA EN VAKBONDE DEEL VAN DIE VATIKAAN? IS DIE POUS DIE HOOF VAN ALLE REGERINGSAGENTSKAPPE, SOWEL AS DIE VATIKAAN?**

# DIE POUS SE GEHEIME

**Deur**
**Tony Alamo**



Die Vatikaan hou hom voor as Sneeuwitjie, maar die Bybel sê dat sy ŉ prostituut, **"die groot hoer"**, ŉ kultus (Openb. 19:2) is.[1] Sy gebruik takke van regeringsagentskappe in elke land, insluitende die VSA as haar bose klein handlangers. Hoe meer mag en beheer sy in die regering verkry, hoe meer sal sy op die agtergrond verdwyn in haar "Sneeuwitjie"-vermomming, sodat die regering gebruik kan word en die blaam kan dra vir haar bose dade.

REDE: Ten einde wette af te dwing wat almal en elke idee wat nie Rooms-Katoliek is nie te teister, kwaad te doen, vernietig en sensureer, sodat hy kan heers as die Sataniese koningin (die groot hoer).

As gevolg van haar eeue-oue begeerte om die wêreldregering en die kerk te beheer, het die slangagtige Vatikaan die wêreld en die VSA-regering besmet met soveel van haar ywerige, hoogs opgeleide en toegewyde Jesuïtiese volgelinge, dat sy nou die Verenigde Nasies (wat sy geskep het),[2] die Wit Huis, die Amerikaanse Kongres, elke staats-, federale, burgerlike en sosiale regeringsorganisasie, insluitend die Amerikaanse departement van arbeid, die inkomstebelastingdiens, die FBI, die hooggeregshof, die regstelsel, die gewapende magte, die staat, die federale en ander polisie, asook internasionale banke en federale reserwestelsels (genaamd die Illuminati en Agentur), vakbonde,[3] die Mafia en die meeste van die swaargewig-nuusmedia beheer.

Die kultus (die Vatikaan) is baie naby daaraan om ons Amerikaanse Grondwet te vervang met haar een-wêreld, sataniese kerkwette van dood tot kettery (enigiemand wat nie Rooms-Katoliek is nie). Generaal Lafayette, president George Washington se mees gerespekteerde ondersteuner en generaal, het profeties aangekondig, **"As die vryhede van die Amerikaanse mense ooit vernietig word, sal hulle tot ŉ val kom deur die hand van die Rooms-Katolieke kultus se geestelikes."**[4]

Vandag sien ons die klimaks van gedetailleerde planne, gegee in uittreksels van ŉ toespraak wat omtrent 50 jaar gelede in Australië deur die Rooms-Katolieke Aartsbiskop Gilroy gelewer is:

**"Die Rooms-Katolieke motto is onsself alleen vir mede-Rooms-Katolieke. Ons moet alle ketters [nie-Rooms-Katolieke] by die stembus vernietig. Die heilige vader maak die stelling dat alle negatiewe taktiek fataal is. Die eise van die heilige vader [die Pous] is dat openbare dienste binnekort 100% Rooms-Katoliek moet wees. Daar moet sorg gedra word dat geen agterdog gewek word, wanneer Rooms-Katolieke in die geheim meer werk gegee word as Protestante, Jode en ander ketters nie."**

Baie miljoene mense is deur die Vatikaan vermoor, so sê die Here (Openb. 18:24). Die geskiedenis getuig hiervan. Gedurende die Rooms-Katolieke inkwisisie in Europa, is 68 miljoen mense gemartel, vermink en vermoor deur die groot sekte.[5] Die St. Bartholomeüs-bloedbad was aanspreeklik vir die slagting van tot soveel as 100 000 Protestante.[6] President Abraham Lincoln het die blaam vir die burgeroorlog aan die pousdom toegeskryf in die volgende woorde:

**"Die oorlog sou nooit moontlik gewees het, sonder die sinistere en geheime invloed van die Jesuïete nie. Dit is aan die pousdom te wyte dat ons nou ons land sien rooi word met die bloed van sy edelste seuns." Lincoln het bygevoeg, "Ek staan vir die vryheid van gewete in sy mees edele, breedste en hoogste vorm. Ek kan egter nie ŉ skoon gewete toeken aan die pous en sy volgelinge, die pousdom, solank as wat hulle deur hulle rade, teoloë en kerkwette aan my sê dat hulle gewete hulle beveel om my vrou te verbrand, my kinders te verwurg en my keel af te sny, wanneer hulle die geleentheid kry nie."**[7]

Vanweë Abraham Lincoln se talle onthullings oor die Vatikaan, is hy doodgemaak soos hy voorspel het. Ja, vermoor deur die Jesuïete op instruksie van Rome.[8] Die Vatikaan het nie verander sedert mnr. Lincoln se tyd nie.

### J.F.K. SE FATALE FOUT

Die Vatikaan het die vraag aan John F. Kennedy gestel: **" Gaan u saamgaan met die Romeinse kerkwette of die Amerikaanse grondwet?"** Mnr. Kennedy het hulle geantwoord: **"Die Amerikaanse grondwet."**[9] Dit was president Kennedy se fatale fout. Sy sluipmoord is deur Rome aangevra, toe beplan en uitgevoer deur die Jesuïete, net soos dié van President Lincoln. Enigiemand wat te veel geweet het van mnr. Kennedy se sluipmoord, is ook geteiken.

Toe Amerika aangedring het op ŉ ondersoek, is hoofregter Earl Warren (ŉ lid van die Vatikaan se geheime Ridders van Columbus) ingewin om die ondersoek te doen. Hy het ŉ klomp dubbelsinnige praatjies kwytgeraak en voete gesleep — soos hy veronderstel was om te doen — en toe na ŉ redelike verloop van tyd die ondersoek gesluit. Soos die pous sê, **"Negatiewe optrede is fataal".** Onthou,

**1** Openb. 17:1-5, 15 **2** *Vatican Imperialism in the Twentieth Century* (*Vatikaanse Imperialisme in die 20e Eeu*), Avro Manhattan, bl. 167-170 **3** *Vatican Imperialism in the Twentieth Century* (*Vatikaanse Imperialisme in die Twintigste Eeu*), Avro Manhattan, bl. 162 **4** *50 Years in the "Church" of Rome* (*50 Jaar in die "Kerk" van Rome*), Charles Chiniquy, bl. 483 (oorspr. volledige 1886 weergawe, beskikbaar as PDF bl. 342). **5** *Smokescreens* (*Rookskerms*), Jack Chick, bl. 35 **6** *History of the World in a Christian Perspective* (*ŉ Christelike Perspektief op die* Wêreldgeskiedenis), *Vol. II,* A Beka, 1981, bl. 352 **7** *50 Years in the "Church" of Rome* (*50 Jaar in die "Kerk" van Rome*), Charles Chiniquy, bl. 498, 503 (oorspr onverkorte 1886 weergawe, beskikbaar as PDF bl. 352, 355). **8** *50 Years in the "Church" of Rome (50 Jaar in die "Kerk" van Rome*), Charles Chiniquy, bl. 512 (oorspr. onverkorte 1886 weergawe, beskibaar as PDF bl. 361). **9** *Vatican USA (Die Vatikaan in die VSA*), Nino LoBello, Trident Press, bl. 79, 161-166

president Kennedy was ŉ groot bewonderaar en ŉ student van Abraham Lincoln en hy het geweet wat mnr. Lincoln weet.

Die Tweede Wêreldoorlog, met sy ongevalle van oor die 30 miljoen sterftes (ses miljoen Jode — die Groot Slagting),[10] is aangevra en gefinansier deur die Vatikaan — Hitler, Mussolini en Franko was almal lede van die sekte (die Rooms-Katolieke kultus)[11] — om die wêreld te wen, nie vir Christus nie, maar vir die Vatikaan, die Antichris.

Die onrus in Sentraal- en Suid-Amerika, die tirannie onder die Jesuïties-opgeleide Castro[12] in Kuba en dwarsdeur die Karibiese deel en die terrorisme in Libanon en Ierland vandag, is die Vatikaan se handewerk. Kan jy nou sien hoekom God die Rooms-Katolieke kultus die moeder van alle gruwels op aarde noem (Openb. 17:5)?

Die Vatikaan het geweet dat mense na die Tweede Wêreldoorlog ingelig was oor die feit dat die oorlog ŉ inkwisisie van die Vatikaan was. Hulle het toe een van hulle beroemde afleidingstaktieke gebruik en die John Birch Vereniging begin om almal aan die dink en praat te kry oor communisme (wat ook deur die Vatikaan gefinansier word), in plaas van die ware sondebok, (die Vatikaan). Dit was ŉ groot sukses vir hulle.

Die Vatikaan finansier ook elke groot terroristegroep in die wêreld. Die rede hiervoor is om mense se gedagtes te laat fokus op die onverklaarbare, waansinnige tragedies wat die terroristegroepe pleeg terwyl die Vatikaan besig is om al die regerings van die wêreld te ondermyn, sodat hulle wêreldheerskappy (pouslike mag) kan hê. Wanneer nuus oor terroriste tref, is dit so skokkend dat dit nuus oor die Vatikaan wat die Amerikaanse grondwet wegneem en oor mense wat van hul godsdiensvryheid ontneem word (tronk toe gestuur word, skole en kerke wat gesluit word) minimaliseer. Dit is die werklike ding waaragter die Vatikaan is, wêreldbeheer van ons godsdiens en ons regering. Hoe meer waansinnig, bisar, onredelik en onverklaarbaar die terrorisme is, hoe beter. Die Vatikaan se swaargewig-nuusmedia hou jou ook besig deur jou oor alles te laat nadink. Noudat hulle ontbloot is vir hulle modus operandi, sal hulle binnekort (tesame met hulle media en die president van die VSA wat so pas by hulle aangesluit het) die dryfveer wees van ŉ veldtog om al die terrorisme (wat hulleself veroorsaak het) te staak. Ook om almal te laat glo dat hulle goed en goddelik is en dat hulle nooit so-iets sou finansier nie. (Opdatering: soos Terry Waite wat in Libanon onderhandel).

Jim Jones, ŉ Rooms-Katolieke Jesuïtiese diaken wat homself voorgehou het as ŉ Christen, is geoffer (nie met giftige Kool-aid nie) en vermoor tesame met sy kudde, deur die Vatikaan, om die wêreld op ŉ bekrompe en agterdogtige manier na onskuldige Christelike toevlugsoorde te laat kyk.[13]

**"Die Here haat ses dinge, nee, daar is sewe waarvan Hy ŉ afsku het: oë wat straal van hoogmoed, ŉ tong wat lieg, hande wat met bloed bevlek is, gedagtes wat met komplotte besig is, voete wat net een koers ken, die van die kwaad, ŉ getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers" (Spr. 6:16-19). (Al die dinge wat God haat, dit is die bose Vatikaan.)**

Het jy ooit opgemerk dat ons met die Vatikaan-beheerde Doeane en Immigrasie van die VSA, nie die land kan verlaat sonder om deur robuuste ondervraging (ondersoekings, radar, ens.) te gaan nie? In die 1960s toe die Jesuïtiese Vatikaan-opgeleide Timothy Leary[14] ons volk se jeug na dwelmverslawing gelei het, was Immigrasie en Doeane, soos nou, ook nie in staat, om tienduisende ponde narkotika en dwelms wat ons eens skoon staat via die Mafia binnegekom het, te ondersoek nie. Lg. was al hulle onwettige, onregmatige winste (al hulle swartmarkgeld) deur die Vatikaan. Dalk is dit hoekom president Abraham Lincoln gesê het, **"Ek sien ŉ baie donker wolk op Amerika se horison. Die donker wolk kom van Rome af."**[15]

Kyk wat sê die Bybel oor die Antichris wat al die korrupsie veroorsaak het en al die bloed gestort het:

**"En ek het gesien dat die vrou [die Vatikaan] dronk is van die bloed van gelowiges, die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het. Toe ek haar sien het ek my uitermate [verwonder]" (Openb. 17:6).**

**"In die mate waarin sy gepronk en in wellus gelewe het, in dié mate moet julle haar pyn en droefheid aandoen. Sy sê by haarself: 'Ek sit as koningin op my troon. Ek is nie weduwee nie, en treur sal ek nooit nie'" (Openb. 18:7).**

**"Hulle [die regerings] het een en dieselfde doel voor oë, en hulle stel hulle mag en gesag tot die dier se beskikking," dit is eenwêreldregering, staat en federale, burgerlike en sosiale regeringsagentskappe ingesluit, gedryf deur Satan en met die doel om mag te gee aan die Antichris deur sy opdragte uit te voer (Openb. 17:13).**

Hierdie is sommige van die laaste tekens van die Bybelboek Openbaring voordat Jesus terugkom aarde toe en daar nie meer tyd sal wees nie. God het die wêreld deur water vernietig.[16] Sodom en Gomorra deur vuur en swawel.[17] By beide geleenthede het God boodskappers gestuur om die toekomstige verdoeming te predik. Vandag waarsku God in sy oneindige genade alle Rooms-Katolieke, **"Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plae wat oor haar kom julle ook tref nie" (Openb. 18:4).** As jy een van God se mense is, as die lewegewende Gees jou aangespoor het tot die ewige lewe, wees dan gehoorsaam aan die Woord deur uit haar na vore te kom. Hoekom? Want as jy dit nie doen nie, is jy ongehoorsaam en ongehoorsaamheid is dieselfde as heksery.[18]

Baie Vatikaanstede en federale regeringsagentskappe soos die inkomstebelastingdiens, die agentskap vir beroepsgesondheid en veiligheid en die VSA se departement van arbeid, tesame met vakbonde het op ŉ wonderbaarlike wyse die ekonomiese ruggraat van ons land vernietig deur honderde besighede en industrieë te teister en bankrotskap af te dwing en te laat sluit.[19] Dit laat miljoene Amerikaners werkloos en honger, terwyl Vatikaanse-ondernemings glad nie geteister word nie en floreer, omdat hulle die regeringsagentskappe bedryf. Kyk wat sê God oor die Antichris wanneer sy in die Hel gewerp sal word:

**"Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou en sê: Is dit die man [die Antichris] wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het? Die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangenes nie losgelaat het huis toe nie?" (Jes. 14:16-17).**

## REGERING GEE DIE ROOI LIG VIR VATIKAANSE SLAWE-ARBEIDSKAMPE

Net een van die Vatikaan se baie, multi-biljoen-dollar ondernemings is hulle slawe-arbeidskampe waar drank en wyn

**10** *Information Please Almanac* ( *Informasie-Almanak*), 1982, bl. 98 **11** *Smokescreens* (*Rookskerms*), Jack Chick, bl. 19 **12** *Smokescreens* (*Rookskerms*), Jack Chick, bl. 35 **13** *Double Cross* (*ŉ Dubbele kruis*), Chick Publications **14** PBS Laat Aand Onderhoud met Timothy Leary, July 1983 **15** *50 Years in the "Church" of Rome (50 Jaar in die "Kerk" van Rome)*, Charles Chiniquy, bl. 510 (oorspr. onverkorte 1886 weergawe, beskikbaar as PDF bl. 359). **16** Gen. Hfst. 6-7 **17** Gen. 19:24-25 **18** I Sam. 15:23 **19** *The Vatican Billions* (*Die Vatikaan se Biljoene*), Avro Manhattan, bl. 214-215

vervaardig word. Daar is geen arbeidsprobleme hoegenaamd nie, omdat hulle onregmatig gebruik maak van gratis arbeid (duisende Rooms-Katolieke monnike). Hierdie federale regeringsagentskappe wil niemand anders toelaat om dieselfde voorregte te geniet deur vrywillige dienste aan God, ons Vader en ons Redder die Here Jesus Christus aan te bied nie, want ons is almal "ketters" (nie-Rooms Katolieke). Ja, hulle ondernemings floreer sonder enige skade of teistering deurdat hulle gratis arbeid van hulle Christenbroers,[20] La Salle en Benediktynse alkohol-en-wyn-brouerye (slawe-arbeidskampe) en in baie ander vanaf die Napa-vallei, Kalifornië tot die Staat van New York gebruik.

Die Vatikaan se inkomstebelastingdiens en Amerikaanse departement van arbeid oorskry nou die grondwetlike skeidslyn tussen kerk en staat en probeer op elke manier om fundamentele kerke en skole te vernietig. Een manier is om hulle van hulle belastingkwytskelding te ontneem. Hierdie anti-Amerikaanse organisasie (die IRS), wat ook teen die grondwet is, het egter onder die Binnelandse Inkomstewet 501(c)3 belastingkwytskelding aan alle kommunistiese organisasies in Amerika gegee. Hulle het nog nooit gepoog om die status van hulle af weg te neem nie.[21] Rome se invorderingsagentskap (die IRS) het seker gemaak dat die Rooms-Katolieke kultus en almal wat daarmee geaffilieer is (die eenwêreldkerk), die enigste godsdienstige organisasies in die VSA is wat nie eiendomsbelasting of selfs belasting op hulle multi-biljoen-dollar besighede hoef te betaal nie.[22] Dit word gedoen o.g.v. artikel 892 van die Binnelandse Inkomstewet. Die Vatikaan is die enigste godsdienstige groepering wat elke jaar multi-miljoen-dollar aan regeringshulp kry vir hulle parogiale skole.[23] Dit kom van belastingbetalers se geld af. Soos aartsbiskop Gilroy sê: **"Onsself alleen vir mede-Rooms-Katolieke"** en **"ons moet alle ketters vernietig."**

Die Vatikaan het die Kommunistiese Party gebruik om te help om die Russiese-Ortodokse kerk te vernietig en sy het die Nazi-party gebruik in haar poging om weg te doen met die Jode en hulle sinagoges. (Die Vatikaan sê dat almal anders as hulleself "ketters" is — nie-Rooms-Katolieke).

## IRS — DIE ROOMSE KULTUS SE INVORDERINGSAGENTSKAP

Die Rooms-Katolieke Jesuïete het die internasionale banksisteem[24] genaamd die Illuminati en die Agentur begin (en die Jode hiervoor blameer). Rome se motto is, **"Hy wat die geldsakke vashou, regeer die nasies".** Die Vatikaan begin alle oorloë (inkwisisies) om die wêreld te bevry van ketters (nie-Rooms-Katolieke) en het geld uitgeleen van haar banke aan nasies, sodat hulle genoeg geld sou hê om teen hulle te baklei. Ons het soos dwase die kultus se invorderingsagentskap in ons land toegelaat (die IRS — wat net aan Rome verslag doen).

Volgens God se wette in die Bybel, is daar veronderstel om elke 50 jaar ŉ kwytskelding van skuld te wees wat nie betaal kan word nie (ŉ verligting). Dit word die Jubeljaar genoem (Lev. 25:10). Kom ons vergeet van kultiese Roomse kanonwette van dood en gevangeneskap en gaan terug na God se wet en Sy Seun Jesus Christus. Kom ons neem ŉ kwytskelding in ontvangs (ŉ Jubeljaar). Hierdie skuld is deur Satan ingestel (die Rooms-Katolieke kultus) om ons seer te maak en in finansiële gevangenskap te plaas. Ons het nie die oorloë begin nie; en ons wou nie die oorlog hê nie en ons het nie daardie geld geleen nie. So hoekom moet ons ly? Die oorloë was almal Rooms-Katolieke inkwisisies om die wêreld te omvorm tot ŉ eenwêreldregering, -kerk en- media.[25]

By die eenwêreldkonvensie in Vancouver, is sommige van ons vrywilligers geskok deur die pro-homoseksuele stalletjies en literatuur, pro-toorkunsstalletjies en -literatuur, dronkenskap en totale ongoddelikheid, wat die "universele wêreld" se grootste kultus en sekte ophemel. Die sataniese mense noem enigiemand wat die ware Woord (wat onderskei kan word van boosheid, en ŉ toewyding aan die goeie is),[26] predik — ŉ kultus of ŉ sekte. Hulle aanbid egter hierdie eenwêreldorganisasie en sy kultusleier, die pous ...

> **"Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy [of 'n toekomstige pous] sal Hom bo hulle verhef. Hy sal selfs [eersdaags in Jerusalem] in die tempel van God gaan sit en voorgee dat Hy God is" (II Tess. 2:4).**
>
> **"...hy wie se koms volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuens en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie" (II Tess. 2:9-10).**

Hulle kniel en soen sy ring en voete[27] en noem hom "heilige vader." Dit word verbied in die Bybel.[28] Hulle gehoorsaam sy elke wens. Om ons wat in die Gees wandel en elke wens van God gehoorsaam ŉ kultus te noem, het hulle heel moontlik die onvergeeflike sonde gepleeg — lastering teen die Heilige Gees — wat nooit in hierdie wêreld of die toekomstige wêreld vergewe sal word nie (Matt. 12:31-32). Satan gee egter nie om nie, want hy het reeds die Heilige Gees belaster.

## DIE MERK VAN DIE DIER

Satan wil hê jy moet vir ewig in die Hel saam met hom wees.[29] Om jou sover te kry om dit te laat doen, het hy die volgende deur sy staats- en federale regeringsagentskappe bewimpel: regeringstoepassing van ŉ wet wat jou sal noodsaak om ŉ merk op jou hand of voorkop te neem ten einde te kan koop en verkoop (dit kan onsigbaar deur laserstrale gedoen word). God noem die merk, **"die merk van die dier"** (Openb. 19:20). Die Vatikaan sal een of ander mooi naam daarvoor gebruik "die merk van vrede, liefde, eenheid, kameraadskap, ens." God sê die een wat die merk aanvaar, sal Hel toe gaan (Openb. 14:9-11).

Die pous, die grootbaas en sy federale en staatsregeringsagentskappe gaan sê as ons nie die merk aanvaar nie, gaan ons geboikot word (ons sal nie kan koop en verkoop nie). Ek vertrou op God om my te voed, net soos hy die Israeliete vir 40 jaar in die Sinai-woestyn gevoed het. God sal weer wonders doen vir sy getroue volgelinge wat die pous, sy regeringsagentskappe en die merk teëstaan.

President Reagan is, net soos ander wêreldleiers, bekoor deur die

**20** *The Vatican Billions (Die Vatikaan se Biljoene*), Avro Manhattan, bl. 182 **21** Tot en met 1987 is alle kommunistiese organisasies van belasting vrygestel. Nou het hulle a.g.v. my literatuur belastingvrye status van alle kommunistiese partye verwyder. Die Vatikaanse kommuniste is egter so ingewurm in die die regering onder die dekmantel van Republikeine en Demokrate dat hulle nie langer vrystellings nodig het nie. Om nie eers te praat van regeringstoelae wat gegee word aan hulle "pseudo-liefdadigheidsgroepe" en multi-biljoen regeringstoelae aan parogiale skole en ander elitistiese Katolieke kommunistiese organisasies nie. **22** *Vatican USA* (*Die Vatikaan in die VSA*), Nino LoBello, bl. 87 **23** *Vatican USA* (*Die Vatikaan in die VSA*), Nino LoBello, bl. 79 **24** *Vatican USA* (*Die Vatikaan in die VSA*), Nino LoBello, bl. 45-47 **25** Dan. Hfst. 7, 8:23-25, II Tess. 2:3-12, Openb. 12:12-17, Hfst. 13, 14:8-11, 15:2, 16:13-14, 16, 19, Hfst. 17, 18, 19:1-3, 11-21, 20:1-4, 7-10 **26** Ps. 97:10, Rom. 12:9, I Kor. 10:21, II Kor. 6:14-18, Ef. 5:3-12, Jak. 4:4, I Joh. 1:5-6 **27** *The Crisis of Church and State 1050-1300* (*Die Krisis van die Kerk en die Staat 1050-1300*), Brian Tierney, Prentice-Hall, bl. 49 **28** Matt. 23:9 **29** I Pet. 5:8, Openb. 12:11-12

Vatikaan se geslepenheid. Dit is duidelik sigbaar in sy skielike besluit om die Amerikaanse ambassadeur na die groot Roomse hoerhuis (hierdie kultus se basiskantoor en algemene hoofkwartiere) te stuur.

Meneer die President, u spandeer hopeloos te veel tyd saam met daardie eenwêreldkerk — predikante wat deur die Jesuïete opgelei is en hulle gee jou regtig slegte raad. Is dit die Vatikaan se geld en die groot Vatikaanse steun wat maak dat jy deel van die kultus word? Wil jy jou siel vir ewig verkoop deur saam met jou volk met die Antichris te verenig vir geld en tydelike mag?

Die Here vra, **"Wat help dit ŉ mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy ewige lewe te verloor?"** (Mark. 8:36). Daardeur is u nou in groot moeilikheid by die lewende God, tensy u uself regruk en in die openbaar u besluit terugtrek, sodat die Here en die publiek presies weet waar u staan.

Ek sê die dinge vir u met respek en in die Naam van Jesus, Meneer die president. Ons is by die eindtye en die dae van die politikus is verby. Ons moet almal mense laat weet wat binne ons aangaan. Die Bybel sê dat hy wat hom nie laat teregwys nie, ŉ dom mens is (Spr. 12:1). Meneer die President en alle presidente en konings van die wêreld, daar is ŉ oordeel vir almal van ons en ek glo dit kom binnekort.

## ŉ WARE ISRAELIET GLO GOD

Ek is nie ŉ teologiese kweekskoolman nie. Ek is ŉ ware Israeliet, gewas in die bloed van Jesus Christus, gevul met die Heilige Gees en gestuur deur die Here om Jesus se kruisiging, opstanding, lewe en nabye wederkoms tot die aarde te predik.[30] Ek het volle outoriteit van die Hemel ontvang om dit te predik.

ŉ Ware Israeliet is een wat God glo. Dis wat die meeste Jode nie doen nie, omdat hulle die Messias verwerp deur oor die 300 skrifte in die Ou Testament wat die koms van Jesus voorspel, te verwerp. Sommige Israeliete het hulle bekeer tot die sekte (Rooms-Katolieke). Die Vatikaan wou hê hulle moes rabbi's word, sodat hulle hulle as spoeiene in die Israeliese Knesset kon plaas. Sommige van die Rooms-Jesuïtiese priesters is vandag daar as spioene.

In die Tweede Wêreldoorlog was Pole die sterkste Vatikaan-beheerde land. As die Vatikaan Jode so liefhet — destyds en vandag — hoekom het sy die slagting van die meeste Jode in Pole toegelaat? Hoekom het die Vatikaan die anti-Semitiese dokument, "Protocols of the Elders of Zion," toegelaat en die Jode geblameer vir die Vatikaan se begeerte vir wêreldleierskap? Hoekom het sy die Jode blameer vir die planne van die Vatikaan se internasionale bankiers, Illuminati en Agentur?[31] Hoekom het die Vatikaan spioene wat poseer as rabbi's in die Knesset, as die anti-Semitiese Rooms-Katolieke kultus so lief is vir die Jode? God sê:

> **"My volk, jou leiers verlei jou en bring jou van koers af" (Jes. 3:12).**

Die tyd van die Messias se tweede koms is nou, so toon berou of vergaan,[32] wat beteken aanvaar die Messias en die soenoffer, wat Sy bloed is wat hy vir jou sondes gestort het,[33] of vergaan. Dit beteken dat jy sal Hel toe gaan as jy dit nie aanvaar nie.[34]

Daar is godsdienstige leiers wat miljoene mense na die Hel lei as gevolg van hulle verbintenis met en verheerliking van die Antichris en sy kultus. **"Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is" (I Tim. 4:2).** Sommiges is Jesuïtiese priesters wat hulle voordoen as Christene. Hulle en hulle organisasies is ryklik beloon deur Rome, omdat hulle niksvermoedende, oningeligte menigtes onder hulle volgelinge aangekeer het tot Satan se universele kerk. Laasgenoemde beplan dat hulle almal die merk van die dier[35] in die naam van Christelike gemeenskap, broederskap, vrede, charisma en liefde sal aanvaar. Mense is maklik verlei tot hierdie afdeling van die Vatikaan se kultus en hulle dink hulle is reg **"want hulle het nie die liefde vir die waarheid ontvang, waardeur hulle gered kon word nie"** (het nie God se Woord presies nagevolg nie). As gevolg hiervan het God gesê dat Hy **"aan hulle kragtige drogbeeld[e] sal stuur, omdat hulle ŉ leuen glo: Dat hulle almal verdoem sal word wat nie die waarheid glo nie, maar hul plesier in ongeregtigheid vind [die hele opstelling van die Antichris]" (II Tess 2:3-12).**

Die vals leiers is lief vir die Rooms-Katolieke se geld en politieke verbintenisse. Dit hou hulle op nasionale en internasionale televisie en dit help hulle om tydelike klein ryke, soos televisienetwerke, universiteite, dorpe en baie ander ydele Christen-ondernemings en kamtige Christengemeenskappe vir hulleself te bou en aan hulle name te koppel. God sê:

> **"Die verwerwing van skatte deur 'n vals tong is 'n verwaaide asem — dodelike valstrikke" (Spr. 21:6).**

Die leiers besing die pousdom en ondersteun dit. Hulle besoek dikwels die pous in Rome en sluit die Rooms-Katolieke kerklui by meeste van hulle funksies in en laat hulle skaamteloos toe op hulle televisie- en radio-uitsendings. Hulle moedig president Reagan se verskuiwing van ons volk na die Antichris (die Vatikaan) aan. Die Vatikaan promoveer hulle en hulle promoveer die Vatikaan, want hulle is dieselfde (leuenaars). Jy kan hulle maklik raaksien en ek dink jy weet wie hulle is (sit net jou televisie aan).

Bid vir hulle blindelingse volgelinge, want hulle **"vertrou op leuens wat hulle niks gaan baat nie" (Jer. 7:8).** Ook vir die stiksienige leiers **"wat nie die waarheid wil praat nie, wat hulle tonge aangesê het om te lieg" (Jer. 9:5)** en wat hulle blindes lei, want Jesus het gesê hulle sal albei in ŉ sloot val (Luk. 6:39). Jesus het ook gesê:

> **"al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand" (Openb. 21:8). En hulle sal nie die Hemel binnegaan nie, "Want buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen" (Openb. 22:15), want hulle is soos hy (Satan) wat Eva bedrieg het en nou die wêreld bedrieg (alle dood begin met ŉ leuen).[36]**
>
> Jesus het nie gekom om vrede te bring nie, maar ŉ swaard (Matt. 10:34). Hy het gekom om aan ons die verskil tussen lig en duisternis, die goeie en die bose, die waarheid en die leuen, die liggaam van Christus en die Antichris te wys. Hy sê my skape ken My stem en hulle sal nie ŉ ander een volg nie (Joh. 10:3-5; Openb. 14:4). Hoor jy Jesus se stem of die stem van die pous? Is jy een van die skape van Christus of ŉ bok van die Antichris?[37] Hou jy van leuens of die waarheid (God se Woord)?

Baie van julle het die Antichris ondersteun deur tiendes te gee aan die organisasies. Ondersteun Christus, nie die Antichris nie of

**30** Matt. 10:7-8, 28:18-20, Mark. 16:15-20, Luk. 24:46-48, Hand. 1:8-11, 10:38-43, I Kor. 1:17-24, 2:1-5, 9:16-17, Kol. 1:25-29, II Tim. 4:1-2 **31** *A History of the World* (*ŉ Geskiedenis van die Wêreld*), Hugh Thomas, Harper-Row, bl. 498; en *Germany 1866-1945* (*Duitsland 1866-1945*), Gordon A. Craig, Oxford, bl. 84 **32** Joel 2:28-32, Matt. 24:3-51, Luk. 21:7-36, II Tim. 3:1-5, I Pet. 4:7, Openb. 6:12-17, 14:6 **33** Matt. 26:28, Rom. 3:22-26, 5:8-21, Kol. 1:13-14, 20-23, Heb. 9:11-14, 10:5-17 **34** Spr. 15:24, Matt. 3:12, 13:24-30, 37-43, 47-50, 22:13-14, 24:42-44, 48-51, Luk. 3:17, 6:19-31, 13:26-28, Openb. 20:11-15 **35** Openb. 13:15-18, 14:8-11, 15:2, 16:1-2, 19:20, 20:4 **36** Gen. 3:4-5 **37** Matt. 25:31-46, Joh. 10:1-16, 26-28

jy sal na dieselfde Hel as hy gaan deurdat jy ŉ leuen ondersteun. Geheime Vatikaanse agente vermom as Christene gaan na verskillende Protestantse kerke en samel geld in om die tempel in Jerusalem (Salomo se tempel) vir die Antichris te bou. Onkundige Christene, wat nie dink dit is goddeloos om soos Eva mislei te word nie, gee aan hulle geld daarvoor, in plaas daarvan om diskreet en godvresend te wees en tiendes aan opregte Christenwerk te gee. Jesus het gesê, **"My volk gaan ten gronde [Hel toe], weens ŉ gebrek aan kennis" (Hos. 4:6).**

Rooms-Katolieke woordvoerders word kwaad as die Woord van God gepredik word en sê dat hulle **"nie kan glo dat daar in hierdie dag en tyd steeds mense is wat haat, partydigheid, vooroordeel ens. predik nie."** Wat hierdie Vatikaanse ambassadeurs eintlik sê, is dat hulle nie kan glo dat daar in hierdie dag en tyd steeds mense is wat God se Woord, die waarheid predik nie en dat daar mense is wat die moed het om hulle aan die kaak te stel nie. Die afvallige, sektariese kerke wat met die Vatikaan saamgesmelt het sê: **"nêrens in die Bybel antwoord God of Sy Seun Jesus Christus of beveel hulle hul kinders om te antwoord nie."**

In die Bybel — vanaf die boek van Genesis tot by Openbaring — het God, Sy Seun Jesus Christus, die patriarge, profete, dissipels en apostels Satan geantwoord op elke punt, elke keer as sy valse leerstellings hul pad kruis.[38] Ons word deur Jesus beveel om die swaard (die Woord van God) te gebruik om die Evangelie te verdedig en te bewaar, deur Satan te antwoord (op elke punt) met ywer en dapperheid.[39] Ons word beveel om te antwoord op Satan se dwaalleringe (verdraaiing van die Woord van God) soos Jesus het, toe Hy Satan geantwoord het op die Berg van Versoeking (Matt. 4:3-11).

Paulus het deur die Heilige Gees gesê **"Predik die Woord"**, die hele Woord (II Tim. 4:2). Moenie die skrifte omtrent die Antichris, valse profete, beantwoording, terugwysing en vermaning uitlaat nie. Jesus het gesê ons sal lewe (Hemel toe gaan) deur elke woord wat deur die Lewende God gespreek word (Matt. 4:4). Dit verwys ook na die woorde oor die Antichris, die valse profete, ens. want Jesus het gesê as ons die waarheid ken (die hele waarheid, al die woorde), sal die waarheid ons vry maak (Joh. 8:32). Die Antichris en sy valse profete wil jou egter nie vry hê nie, want hulle meester is Satan, wat daarvan hou om mense gevange te hou. As hulle mense nie wil gevange hou nie, hoekom word hulle dan so kwaad as God se hele Woord gepredik word (dit wat jou bevry van Satan)? Hoekom sal hulle die prediking van die hele Woord as boos, haatdraend, bevooroordeeld en partydig afmaak as hulle nie van Satan is nie?

Die Antichris en sy valse profete sê dat ons niks met passie moet doen — waar dit God aangaan nie. Hulle sê om God se gebooie te onderhou, Sy Woord passievol te predik en uit te leef, is ŉ sonde. In die boek van Openbaring beveel Jesus ons om geesdriftig te wees, anders sal hy ons uitspoeg (Openb. 3:16). Ywer en dapperheid (passie) is deel van die Wet van God en Sy Gesalfde. Ons word beveel om wat ons ook al doen, te doen asof ons dit aan God doen (Kol. 3:23) met ons hele hart (Matt. 22:37) en met ywer (passie). God sê mense is brutaal (soos diere), as hulle beledig voel deur God se Woord (enige deel daarvan). God sê ook om beledig te voel of Sy Woord te verwerp is ŉ sonde.[40] Om die Woord van God te verwerp, is om Christus te verwerp en dit is net deur ons aanvaarding (geloof) van die Woord, wat Christus is, dat ons gered word. **"Glo in die Here Jesus [die Woord] en jy sal gered word" (Hand. 16:31).**

Die Vatikaan het deur haar Mafia, eers die land se morele waardes afgetakel deur pornografie, prostitusie, dwelmmiddels, die vervaardiging en verspreiding van alkohol, ens. Nou probeer sy met valse optrede van vroomheid, wette van sensuur invoer op al die smerigheid wat sy in ons staat en dwarsdeur die wêreld geskep het.

Hierdie is die kultus se bedrieglike, gemene manier om jou te laat glo dat sy goed, ordentlik, vlekkeloos en vroom is. Dit is ook haar eerste poging tot wêreldwye sensuur.[41] Haar tweede motief met die sensuur sal wees om alle spraak, ook die Bybel te sensureer — met uitsondering van die manier waarop sy die Bybel wil predik, wat net mooi die teenoorgestelde van die Bybel is.[42] Sy weet dat die wêreld nie bewus is van haar sataniese manier van doen nie en die wêreld wat nie bewus is dat sy al die smet en onwelvoeglikhede in die eerste plek geskep het nie, sal haar toejuig en vereer as gevolg van die voorbedagte "edele" daad. Dit is om almal wat oningelig is oor haar en haar planne agter haar aan te lok, weg van die Here af.

Die toekomstige planne wat sy vir die verblinde mense het, is die Hel. Ellende is lief vir geselskap en Satan en sy volgelinge wil nie alleen verbrand nie. Hulle wil hê dat jy, hartlam, die ewigheid met hulle sal deel in die Hel se foltering.[43] Wil jy dieselfde as hulle vir jouself hê? Of wil jy hê wat Jesus vir jou voorberei het, nl. ewige geluk saam met Hom weg van alle boosheid, misleiding en alle moontlikhede van skade?[44]

## MAAK REG MET GOD

Moenie vir die tydelike wêreld leef, wat so kortstondig is nie.[45] Beplan jou toekoms vir ewig deur te leer oor die plan wat die Skepper en Heerser van die heelal vir jou gemaak het — deur die ooglopende sataniese kultus se plan van heerskappy oor die wêreld, deur die duiwel en sy Rooms-Katolieke kultus wat so ydel en kortstondig is, te verwerp.[46] As jy dit nie doen nie, sal dit aan God wys dat jy net so satanies en ongehoorsaam is soos hierdie duiwel wat homself God se plaasvervanger, "god" self op die aarde noem. Maak reg met God — dadelik voor dit te laat is (soos dit reeds is vir die duiwel). Sy rook sal uit die Hel opstyg vir ewig en ewig (Openb. 14:11).

> **"Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was dit rooi soos purper, dit sal [deur die bloed van Jesus] word soos wol" (Jes. 1:18).**

In God se liefde het Hy dit wat Hy die meeste liefgehad het, gestuur om vir ons te sterf (Sy Seun). Jesus het ons so liefgehad dat Hy Sy lewe neergelê het en Sy bloed vir ons gestort het, sodat ons van ons sondes gereinig en vergewe kon word.[47] As ons God en Sy Seun, Jesus Christus, liefhet soos wat Hy ons liefgehad het, dan sal ons ons sondes en ons voormalige bose manier van lewe laat staan. Ons sal die Woord van God op die regte manier leer en Sy waarheid aan die wêreld vir wie daar so lank gelieg is, verkondig — sodat hulle die lewe wat God en Sy Seun so vrylik weggegee het, mag hê. Maar hoe sal hulle weet sonder ŉ prediker (nie ŉ nuweling nie, maar een wat al die weë van die Here geleer het)?[48]

---

**38** Matt. 4:3-11, 16:21-23, Openb. 22:18-19 **39** Ef. 4:27, 6:17, II Tess. 2:14-15, II Tim. 1:13, Titus 3:10, Heb. 4:12, Jak. 4:7 **40** Eseg. 20:21-24, Sag. 7:11-13, Jak. 2:10-11, I Joh. 3:4 **41** *Church and State* (*Kerk en Staat*), Vol. 37, No. 1, Jan. 1984, bl. 16 **42** *The Vatican Empire* (*Die Vatikaanse Ryk*), Nino LoBello, bl. 68 **43** Matt. 22:13, 25:30-46, Mark. 9:43-44, Luke 3:17, II Tess. 1:1-9, II Pet. 2:4, 9, Openb. 14:10-11 **44** Jes. 64:4, I Kor. 2:9, Openb. 7:16-17, 21:3-4, 22-27, 22:1-5 **45** Ps. 103:15-18, John 12:25, Jak. 1:9-12, I Joh. 2:15-17 **46** Dan. 7:7-11, 23-26, Openb. 14:8, 16:10-11, 17:15-18, Hfst. 18, 19:20 **47** Matt. 26:28, Hand. 13:38-39, Heb. 9:22, 26, I Joh. 1:7 **48** Rom. 10:14

**“maar as julle weier en opstandig bly, sal die swaard júlle eet, want dit is die Here wat dit gesê het” (Jes. 1:20).**

As jy graag gered wil word, bid dan hierdie gebed:

**My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.[49] Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.[50] Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.[51] Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,[52] en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.[53] Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.[54] Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.[55] U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.[56] U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.[57] Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.[58] Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.[59]**

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.[60] Bestudeer die King James-Bybel deeglik en voer die opdragte uit.[61]

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan ŉ verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, **“Sal ŉ mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds ŉ vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [ŉ tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die Hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in ŉ begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE” (Mal. 3:8-12).**

## HIER IS NOG ŉ PAAR VAN DIE POUS SE GEHEIME

Die Vatikaan is so geheimsinnig dat die meeste van haar priesters, nonne, laer kerklui en mense van die federale regeringsagentskappe op ŉ laer vlak nie weet dat hulle deel is van die wêreld se grootste kultus nie. Ook dat dwelms, prostitusie, pornografie, alkohol en die swart mark — elke smerige ding — reguit teruggelei kan word na die Vatikaan en haar regeringsagentskappe nie.[62]

Afvalliges van die groot sekte, die Rooms-Katolieke kultus, het verklaar dat 68% van die Vatikaan se kerklui skuldig is aan homoseksualiteit, lesbianisme en hoereerdery. Al hierdie dade word absoluut verbied deur God en sal maak dat hulle siele Hel toe gaan as hulle nie tot inkeer kom nie. [63] Dwarsdeur die eeue het baie hooggeplaastes die Vatikaan ŉ **“riool van korrupsie”** genoem.

ŉ Voormalige hooggeplaaste Jesuïtiese priester wat vir jare vir die Vatikaan gewerk het en net aan die pous geantwoord het, het aan my gesê dat toe vandag se pous, Johannes Paulus II, ŉ priester in Krakow, Pole was, fabriekswerkers kwaad geraak het vir hom, (die toekomstige pous Johannes Paulus II). Dit is aangemeld dat baie van die fabriekswerkers hom wou doodmaak en dat hulle gesê het hulle wil nie hê hy moet meer daarlangs kom nie. As hy sou, sou hulle olierige stukke lap na hom gooi omdat daar gesê is dat hy hulle klein kindertjies molesteer. Hulle het ook gesê dat hy (pous Johannes Paulus II) homoseksueel is. Dit verklaar al die nuwe Vatikaanse federale regeringsregulasies wat diskriminasie teen homoseksuele verbied.

In ŉ boek oor die liefde (wellus) wat pous Johannes Paulus II geskryf het toe hy ŉ priester was, haal hy Sigmund Freud herhaaldelik aan, asof hy die Heilige skrif aanhaal. Sigmund Freud was ŉ Jood wat bekeer is tot die Rooms-Katolieke geloof en is alombekend as die wêreld se voorste afvallige. Satan het hom deur die Vatikaan se eenwêreldregering, -kerk en -media, tesame met die hele psigiatriese gemeenskap opgevoed om weg te doen met die woorde “sonde” en “skuld”. Die Vatikaan kon toe sielkundiges en psigiaters gebruik om mense wat getuig van geloof in God se bonatuurlike handelinge met die mensdom, vandag, sowel as in die verlede in geestesinrigtings laat plaas. Die sielkundiges en psigiaters en die Vatikaan se swaargewig nuusmedia maak deurentyd ŉ bespotting van enigiemand wat hierdie kultus deur God se Woord blootlê, asook enigiemand wat op elke woord van God staan. Dit sluit God se bevel in om die dooies op te wek, die siekes gesond te maak, om duiwels uit te dryf, weergebore te word en die duiwel (die hoer van Openbaring) te weerstaan en bloot te lê. God noem die kultus **“die hoer”** in Openbaring. Pous Johannes Paulus II en Freud se verdraaiings stem ooreen, soos wat hy in sy boek erken.

Noudat hy sukses behaal het (as regeerder van die Rooms-Katolieke kultus en federale regeringsagentskappe), kan hy wette maak soos wat hy goeddink. Hy begeer nou dat ons sy fantasieë sal uitleef deur wette te maak wat jong mans en meisies beide sal dwing om dieselfde toilette in koshuise se slaapsale te gebruik.

Sy perverse brein verbly homself as hy sien die mensdom word deur ŉ wet gedwing om deel te neem aan sy afwykende streep. Hierdie nuwe aweregse Roomse kerkwette wat lei tot die dood word afgedwing deur twee van sy federale regeringsagentskappe nl. die departement van behuising en stedelike ontwikkeling en die departement van onderwys.[64] Dit klink baie amptelik en dit maak daarvan net so ŉ vermomming soos die hele Vatikaanse-onderneming se valse Sneeuwitjievoorkoms.

In die geestelike oorlog tussen God en Satan, verbly ons ons en is ons uitsonderlik verheug omdat Jesus gesê het, **“.... julle loon is groot in die Hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg” (Matt. 5:12).** Ons is die sterkste fundamentele Christen-organisasie in die wêreld (en is baie trots op die feit).

---

**49** Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 **50** Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 **51** Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh 1:7, Rev. 5:9 **52** Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 **53** Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 **54** 1 Kor. 3:16, Openb. 3:20 **55** Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh 1:7, Openb. 1:5, 7:14 **56** Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 **57** Matt. 21:22, Joh 6:35, 37-40, Rom. 10:13 **58** Heb. 11:6 **59** Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Openb. 7:14, 22:14 **60** Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 **61** Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak 1:22-25, Openb. 3:18 **62** Openb. 17:1-6, 18:2-3, 23-24 **63** Matt. 15:18-20, Rom. 1:20-32, I Kor. 6:9-10, 18, 10:8, Ef. 5:5, Heb. 12:16-17, 13:4, Openb. 21:8 **64** *Vatican USA* (*Die Vatikaan in die VSA*), Nino LoBello, bl. 78-79

Sommige publikasies wat valslik sweer (en selfs op bedrieglike wyse Bybels druk) en nie luister na Jesus wat gesê het nie, **"Moet niemand kwaad aandoen of valslik beskuldig nie" (Luk. 3:14),** het ons ingesluit by hulle boeke oor kultusse. As gevolg van hulle blatante leuens en behoefte om die integriteit van God se werk te behou, moes ons die sinistere publikasies ondersoek en het natuurlik gevind dat hulle deur die Jesuïtiese Vatikaanse kultus gedryf word.

> **"Wat besiel julle dat julle my volk vertrap en die hulpeloses verdruk? vra die Here my God, die Almagtige" (Jes. 3:15).**
>
> **Weet julle nie "wat ŉ mens saai dit sal hy ook oes nie" (Gal 6:7)? God sal sorgvuldig aan jou doen wat jy aan ander gedoen het..." Dit is my reg om te straf, Ek sal vergeld, sê die Here"(Rom. 12:19; Heb. 10:30).**

Ons is verheug, want ons beloning is groot weens die leuens wat hulle oor ons vertel het. Jesus het só gesê (Matt. 5:11-12).

Die Vatikaan se federale regeringsagentskappe en haar swaargewig nuusmedia (gesamentlik) het dit ook moontlik gemaak vir ons om groot vreugde en oorvloedige belonings in die Hemel te hê, omdat hulle ons gesamentlik hof toe gesleep het op valse aanklagte en die afgelope 15 jaar lasterlike[65] veldtogte op ŉ deurlopende basis teen ons van stapel gestuur het. By nadere ondersoek het ons gevind dat beide die swaargewig nuusmedia[66] en natuurlik die voorgenoemde regeringsagentskappe in die geheim deur die Vatikaan besit en beheer word. Ons dank U en prys U Jesus, dat U die feite aan ons uitgewys het en dat U ons mees sekere belonings waarborg. Die Psalmskrywer Dawid skryf:

> **"Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy gesalfde en sê: Kom maak ons vry en gooi ons juk af! Hy [God] wat in die Hemel woon, lag hulle uit, die Here spot met hulle. Hy spreek hulle aan in Sy toorn, in Sy gramskap jaag hy hulle op loop" (Ps. 2:2-5)**

## VREESAANJAENDE BELONING VIR HULLE WAT TEEN GOD BAKLEI

Sluit in jou gebede al die ongelukkiges wat baklei teen God, Jesus Christus, die Heilige Gees en God se Gesalfde in, want as hulle so aangaan, is daar verseker ŉ vreesaanjaende beloning vir hulle. Ons, soos ons Vader in die Hemel en Sy Seun, Jesus Christus, wens niemand toe om Hel toe te gaan nie. Dis hoekom ons alle mense gelas om in die Naam van die Here, Jesus Christus te bid, dat hulle Christus kan vind as hulle persoonlike Saligmaker en die goeie kan begin doen deur vir Hom te werk in plaas daarvan om die onvrugbare werke van ongeregtigheid te doen, waarvan die einde die ewige Hel en verdoeming is. (Nie dat ons bid vir die duiwel of die wat die Heilige Gees belaster het nie, ons bid nie vir hulle nie [1Joh. 5:16]). Ons kerk het uitgebrei en baie sterker geword soos Jesus gesê het sal gebeur tydens vervolging. As God die wêreld so liefgehad het, moet ons nie ook nie? Hierdie onthulling is geskryf in liefde, sodat kosbare siele nie langer mislei sal word deur die Vatikaan en sy handlangers, en die merk van die dier sal opneem en Hel toe sal gaan nie.[67]

Elkeen wat die feite ontdek het rondom die kultus (die Rooms-Katolieke kultus) en sy medewerkers is histories en tot op datum uitgekryt as ketters, boos, gevaarlik, geheimsinnig, godsdienstig dweepsugtig ens. en het die slagoffer geword van sy grootskaalse veldtogte van karaktermoord.

Hulle sê ook dat ons aan Vatikaanse paranoia ly. Het Abraham Lincoln en John F. Kennedy aan Vatikaanse paranoia gely? Al die miljoene mense van vandag wat gepla en geteister word deur die Vatikaanse federale en staatsagentskappe plus die wat nie ŉ werk het nie en honger is (sommiges sit in die tronk omdat hulle gedwing is om te steel weens honger), het hulle almal Vatikaanse paranoia?

As gevolg van die onthulling, sal die Rooms-Katolieke kultus optree asof hulle (van alle mense) vervolg word en onskuldig sê, **"Hoekom gebeur dit met ons?"** welwetende dat dié wat onkundig is rondom die dinge wat sy doen, met haar sal simpatiseer. (Ek het geen simpatie vir die duiwel nie.) Ek het nie die Woord van God geskryf nie, ek predik dit net. God haat nie die goeie nie, net die bose.[68]

Die Vatikaan en haar mense verdien almal ŉ Oscar vir die beste spel van onskuld en vroomheid en ook vir grimering en klerekas-ontwerp, deurdat hulle haar uiterlike voorkoms omskep in die van Sneeuwitjie. Onder daardie Sneeuwitjievoorkoms vreet daar ŉ kanker wat besig is om te sweer. Aan die buitekant glimlag sy liefies en sê, **"Ek is lief vir jou, broer,"** maar agter haar benerige rug steek sy hande weg wat drup met die bloed van martelare.[69]

Hier is ŉ voorbeeld van hoe die Vatikaan haarself beskerm. Toe sy sien dat hulle besig was om die Tweede Wêreldoorlog (nog ŉ Vatikaanse inkwisisie) te verloor, het sy vinnig tot soveel as eenduisend Jode op een stadium weggesteek, sodat sy na die dood van ses miljoen Jode kon sê, **"Ons het die Jode weggesteek en beskerm, ons is lief vir die Jode."** Hierdie is die eintlike waarheid van wat die Vatikaan gedoen het.

Gepraat van die Academy Awards, die Vatikaan was vir ŉ lang tyd in die filmbedryf.[70] Hollywood wat beïnvloed is deur Rooms-Katolieke drukgroepe, het ons vermaak met films soos "The Song of Bernadette", "Going My Way" en ŉ aantal opwindende films wat die Rooms-Katolieke kultus verheerlik. Aan die ander kant het hulle films soos "Elmer Gantry" bevorder wat skelm Protestantse evangeliste uitbeeld. Onthou jy "Dragnet" op televisie? Die Christen is altyd uitgebeeld met ŉ groot Bybel, glimlaggend nadat hy sy ouma op die solder verwurg het.[71] Die priesters was ook altyd hoogsbetaalde sterre van aansien soos Bing Crosby en Barry Fitzgerald. Jy sien, ons word sielkundig deur die Vatikaan gebombardeer vanaf baie kante (die leier van die eenwêreldkerk en al die regerings van die wêreld).

Met die voortsetting van sy rol as Sneeuwitjie, gebruik die Vatikaan haar eie media om ŉ drie-uurlange CBS-extravaganza te promoveer, waarin haar selfgemaakte god, die kultusleier goedgepraat word. Ek is seker dat die insident waar olierige stukke lap na haar gegooi is, uit die draaiboek gelaat is.

Daar is pragtige mense in die Rooms-Katolieke kultus wat nie ryk is nie, sommiges is selfs baie arm en soek nie hoë posisies nie. Die meeste is baie nederig. Hierdie gewone mense is totaal onbewus van die boosheid wat gepleeg is en steeds gepleeg word deur die Rooms-Katolieke kultus. Daar is aan hulle gesê dat dit ŉ kerk is. God ken hulle opregte harte (Hy is die God van ons hart), en daarom sê hy vir die onkundige mense **"Gaan uit haar uit, my volk" (Openb. 18:4).** So kom ons bid dat hulle binnekort sal.

---

**65** *Vatican Imperialism in the Twentieth Century* (*Vatikaanse Imperialisme in die 20e Eeu*), Avro Manhattan, bl. 155 **66** *The Documents of Vatican II (Die Dokumente van die Vatikaan II),* Walter M. Abbott, S.J., bl. 319-331; *Vatican Imperialism in the Twentieth Century* (*Vatikaanse Imperialisme in die 20e Eeu*), Avro Manhattan, bl. 150; *The Rockefeller File* (*Die Rockefeller Lêer*), Gary Allen, Hfst. 6; *None Dare Call It Conspiracy* (*Niemand Waag om dit 'n Sameswering te noem nie*), Gary Allen, Hfst. 5; *Collier's National Encyclopedia* (*Collier se Nasionale Ensiklopedie*), 1936, s.v. "Illuminati," *Catholic Encyclopedia* (*Katolieke Ensiklopedie*), s.v. "Illuminati", "Ingolstadt" **67** Openb. 13:16-18, 14:9-11, 19:20 **68** Ps. 7:11, 45:6-7, Spr. 8:13, Amos 5:15, Rom. 1:18, Heb. 1:8-9 **69** Openb. 17:1-6, Hfst. 18 **70** *Vatican USA* (*Die Vatikaan in die VSA*), Nino LoBello, bl. 20-21 **71** *Smokescreens* (*Rookskerm*), Jack Chick, bl. 46

Die Here sê, "jou heerskappy is van korte duur." Dit is ŉ skrikwekkende herinnering aan die sataniese grootbaas (die pous), wat die Roomse huis van prostitusie en die regering wat aan haar mag gee, bedryf .

**"In een oomblik is soveel rykdom verwoes!" (Openb. 18:17).**

**"Haar rook styg tot in alle ewigheid op" (Openb. 19:3).**

**"Toe sien ek uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die vals profeet drie bose geeste kom wat soos paddas lyk" (Openb. 16:13).**

Die Joodse priesterdom het geëindig by Golgota, [72] nêrens in die Bybel het God ooit die gesag van priesterskap aan Italianers, Pole of enige ander ras van mense, behalwe die Jode gegee nie. Uit die twaalf Joodse stamme, het God net uit die stam van Levi priesters voortgebring.[73] Dit wys dat die Vatikaan onskriftuurlik is en in ŉ wêreld van fantasie en voorgee leef. Toe Jesus gesê het, **"Dit is volbring,"** het Hy die enigste Hoëpriester geword (Joh. 19:30).[74]

Die Vatikaan wil van Rome na Jerusalem verskuif. Op 26 September 1973, het die *Housten Chronicle* berig dat die politieke magshonger Henry Kissinger die superkultus (die Vatikaan) gehelp het die deur voor te stel **"dat Jerusalem ŉ internasionale stad word en dat die beheer van heilige plekke en godsdienstige administrasie aan die pous oorgedra word."**

Die Bybel maak nooit melding van die vagevuur of enige soortgelyke plek nie. Die Bybel sê eenvoudig " ŉ Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel" (Heb. 9:27). God het gesê, dis of die Hemel of die Hel, niks anders nie.[75] Jy kan jou pad Hemel toe nie koop nie en jy kan jou ook nie loskoop uit die Hel nie.

Nêrens in die Nuwe Testament word daar gesê om mense dood te maak wat nie soos ons dink nie. Dit Vatikaan noem egter sulke maniere van doodmaak "heilige oorlog" en keur dit goed en bewys weereens daardeur dat hy kultusagtig en onskriftuurlik is.

Vyftig jaar gelede het Aartsbiskop Gilroy gesê:

**"As gevolg van Katolieke beheer van die poskantoor, het die posafdeling toegang daartoe om die kom en gaan van sekere nie-Rooms-Katolieke persone [ketters] m.b.t. sommige situasies na te gaan. Ons hoef nie bang te wees dat ons geheime polisie as korrup oopgevlek sal word, terwyl ons sulke mense in beheer van ons poskantoor en in jou diens het nie."**

Deur die feite te ken, is dit duidelik hoekom die poskantoor tans ons status om massapos te ontvang, wegneem. Hulle onderdruk op kriminele wyse vryheid van spraak en godsdiensvryheid, ons laaste twee grondwetlike waarborge wat die Vatikaan vinnig en stilweg probeer wegneem. Staats- en federale agentskappe, met hulle nuusmedia en regsisteme in elke staatnasie op instruksies uit Rome, sal sekerlik sê dat *The Pope's Secrets* haatliteratuur is en hulle sal jou vertel dat ek die vyand is. Soos die Apostel Paulus gesê het, so sê ek, **"Het ek dan nou julle vyand geword deurdat ek die waarheid aan julle voorhou?" (Gal. 4:16).**

Om die waarheid te vertel sodat mense wêreldoorheersing onder die wrede leierskap van Satan se verteenwoordiger met sy haatlike en diktatoriale Roomse kerkbeginsels, kan ontkom en sodat mense van alle nasies die merk van die dier en die Helse vuur kan vryspring — is dit haat? Dit in stede van ons godvresende Amerikaanse grondwet (wat die wet is in die Verenigde State)? Jesus het gesê om die waarheid te praat is liefde en hy beveel ons om na alle nasies te gaan en die waarheid te predik, [76] want Jesus het gesê, **"en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Joh. 8:32).**

Jy kan of die pous glo of vir my. Ek het aan jou ŉ paar van die pous se geheime onthul. God het gesê dat die pous se organisasie die moeder is van elke gruwel op aarde, nie 99% van die gruwels nie, maar elke gruwel.[77] Lees jou King James-Bybel en kyk of ek jou nie die waarheid vertel nie. Glo God. **"Glo in die Here Jesus en jy sal gered word..." (Hand. 16:31).**

**72** Jes. 53:7, Mark. 15:37-39, Heb. 2:14-18, 3:1-4, 4:14-16, 5:1-6, 7:19-28 **73** Eks. 28:1, 30:30 **74** Heb. 2:14-17, 3:1, 4:14-15, 5:5-10, 7:26-28, 9:11-28 **75** Rom. 2:5-6, 5:18, 14:10-12, II Kor. 5:10, Heb. 9:27, Jud. 6, 14-15 **76** Mark. 16:15, Luk. 9:60-62, Hand. 10:42, Rom. 10:13-15, I Kor. 1:17-18, II Tim. 4:2 **77** Openb. 17:3-15, 18, 18:2-13, 23-24

*Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.*

**Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA**

**24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362**

**www.alamoministries.com • info@alamoministries.com**

*Tony Alamo Christelike Bediening verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.*

**Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.**

**Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.**

**Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.**

*Word ŉ werker in die oes van siele deur ŉ verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.*

*Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis, en sluit versending in.*

*As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief ŉ kollekteeroproep na (661) 252 5686.*

**HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).**

**MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.**

**Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:**

© Kopiereg 1983, 2006, 2012, 2013, 2014 Alle regte voorbehou Wêreld-pastoor Tony Alamo ® Geregistreer 1983, 2006, 2012, 2013, 2014

Afrikaans—*The Pope's Secrets*